

Mediaverklaring

Eksamengerig of toekomsgered?

2021/03/02

Twaalf van die top 20-skole wat die meeste onderskeidings behaal in die 2020 Nasionale Senior Sertifikaat (NSS), is Afrikaanse skole. Hierdie skole het 'n reuse bydrae gelewer tot die nasionale slaagsyfer. Afrikaanse skole se slaagsyfer het, soos in die geval van die nasionale slaagsyfer ook met 5% gedaal, maar hulle bydrae het die nasionale slaagsyfer opgestoot van 68% tot 76%.

Leon Fourie, uitvoerende hoof van die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) sê die SOS stel jaarliks hierdie verslag saam om erkenning te gee aan Afrikaanse skole en hulle besondere bydrae tot die land se matrieksuitslae, iets waarvoor hulle nie altyd erkenning kry nie. Die verslag beklemtoon die belangrikheid van moedertaalonderrig. 'n Dieper ontleding van die prestasies verseker ook dat tekortkominge in die stelsel tydig geïdentifiseer en reggestel kan word.

Goeie leierskap, toegewyde onderwysers en betrokke ouers is bepalend om goeie uitslae te verseker. Topskole het deur die bank planne in plek gehad om matrieks op datum te hou tydens inperkings.

'n Rekordgetal van 1 055 529 kandidate het die 2020 Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) afgelê. 2020 staan uit as 'n jaar van uitdagings, verandering en veerkragtigheid. Die uitslae van die 2020 NSS-eksamen is, soos voorspel, laer as in 2019, met 'n nasionale slaagsyfer van 76,2%.

Volgens die NSS-verslae het 72 605 Afrikaanse kandidate aan 693 skole in 2020 gematrikuleer.

Hugo Vermeulen, Hoof van Opleiding by die SOS, het kommer uitgespreek oor die sterk afname in die getal leerders wat Wiskunde as vak kies. Afrikaanse leerders het nietemin uitstekend in Wiskunde presteer met 9,9% wat 'n onderskeiding in dié vak behaal.

Vermeulen sê: "Standaard mag nooit verlaag word ter wille van 'n hoër slaagsyfer nie. Ons wil graag sien dat die volle potensiaal van leerders ontsluit word."

Hoewel die NSS-eksamen slegs 'n deel van onderrig-uitkomst meet, is die SOS van mening dat die suksesvolle kandidate van 2020 toekomsgered is. Tydens die inperkings het hulle vaardighede aangeleer wat hulle goed voorberei vir die 4IR.

Solidariteit Skoleondersteuningsentrum het twaalf verskillende vakverenigings wat professionele ondersteuning aan onderwysers bied, sowel as Die Wolkskool wat 'n volledige onderwysbestuurplatform en aanlyn kurrikulum vir leerders van Graad 1 tot 12 bied.

Vir alle medianavrae:



Sarina Prinsloo

Skakelbeampte

012 612 0234

072 123 1707

sarina@skole.co.za

Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

skole.co.za



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

www.skole.co.za

